# Boekbespreking

**Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 20ste jaargang, deel I (Staatsdrukker, 1957):** Mouton, J. A., M.A. D.Phil.: GENL. PIET JOUBERT IN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENIS.

Dr. Mouton het met die bogenoemde werk die doktorsgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hoewel die bedoeling nie was om 'n suiwer biografie van genl. Piet Joubert te lewer nie, kan die werk ook as biografie verwelkom word, veral as in aanmerking geneem word dat biografieë in die Afrikaanse geskiedskrywing maar skaars is. 'n Suiwer biografie is genoemde werk nie, soos trouens deur die titel aangedui word.

Na 'n eerste hoofstuk oor genl. Piet Joubert se afkoms en jeugjare, word die optrede van Joubert as openbare figuur in die Suid-Afrikaanse Republiek in die volgende drie-en-twintig hoofstukke behandel. Dit word gevolg deur 'n karakterskets van Joubert in die laaste hoofstuk.

Hierdie werk van dr. Mouton is die eerste groot werk wat oor Petrus Jacobus Joubert (algemeen as Piet Joubert bekend) verskyn. Hy was 'n kleurryke figuur in die geskiedenis van die Republiek, wat tewens ook 'n groot aandeel in die lotgevalle van die Republiek vanaf ongeveer 1860 tot met sy dood in Maart 1900 gehad het. Onder andere was hy by geleentheid waarnemende president (1875-'76), vise-president, kandidaat in verskeie presidentsverkiesings en vir die grootste gedeelte kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Dr. Mouton het dus 'n baie groot taak met hierdie werk aangepak omdat hy feitlik die hele geskiedenis van die Republiek moes behandel. Daarby moes hy ook nog aandag skenk aan Joubert as staatsman en krygsman. 'n Mens wil byna sê dat die onderwerp eintlik te groot was om in die bestek van een werk afgehandel te word. Inderdaad is dit ook so en moes Mouton in baie opsigte oorsigtelik te werk gaan. Dit beteken dat die laaste woord oor die optrede van Joubert nog nie gesê is nie. Wat die interpretasie van Joubert se optrede betref, kan daar ook in meer as een opsig van Mouton verskil word.

Aan die ander kant moet daarop gewys word dat Mouton ten spyte van die omvangryke onderwerp en die tekortkominge wat daardeur meegebring word, beslis in sy doel geslaag het. Hy het sy weg deur al die massa gegewens heen baie goed gehou en die finale werk toon dat hy daardie stof goed beheers het. Hy gee dan ook 'n goeie lesenswaardige en duidelike beeld van die optrede van Joubert in die geskiedenis van die Republiek. Om dit te kon doen moes die skrywer 'n geweldige bronnestudie onderneem, soos trouens ook deur die uitgebreide bibliografie aan die einde van die werk bewys word. Van hierdie bronne het hy 'n oordeelkundige gebruik gemaak sodat die werk nie tot 'n blote aaneenskakeling van bronne ontaard het nie. Sy tegniese afwerking is ook goed terwyl hy dit wat hy geskryf het deeglik in voetnote verantwoord. Hoewel die werk 'n proefskrif is, sal dit ook met groot genot deur alle belangstellendes in die geskiedenis gelees kan word.

Die redaksie van die Argief-jaarboek moet met hierdie 34ste deel van die reeks gelukgewens word. Die Argief-jaarboek het alreeds getoon dat 'n standaardreeks is in die geskiedenis-publikasies van Suid-Afrika, nie net alleen in omvang nie maar ook in die gehalte van die stof wat daarin gepubliseer word. Enige geskiedskrywer behoort dit as 'n eer te beskou as 'n bydrae van hom daarin opgeneem word.

J. S. DU PLESSIS.

★

**Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 20ste jaargang, deel II (Staatsdrukker, 1957).**

In hierdie deel van die Argief-jaarboek is twee bydraes gepubliseer waardeur weer eens die standaard wat alreeds deur die Jaarboek gestel is gehandhaaf word. Hierdie twee bydraes word agtereenvolgens hieronder behandel.

1. **Vermooten, F., M.A. D. Litt.:** Transvaal en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika.

Dit is 'n proefskrif waarmee dr. Vermooten die doktorsgraad in Geskiedenis verwerf het aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. onder promotorskap van prof. dr. D. W. Krüger. Die verskyning van hierdie werk is verblydend omdat daarin aandag gegee word aan die voorgeskiedenis van die Unie. Ons lewe vandag al byna vyftig jaar in die Unie van Suid-Afrika en tog word die Unie in ons geskiedskrywing nog baie afgeskeep. Daarom word dr. Vermooten se werk verwelkom.

Hoewel die titel van die werk voorgee dat slegs die Transvaalse aandeel in die unifikasie behandel word, was dit onmoontlik om Transvaal in die verband te isoleer en sy aandeel te beskrywe sonder om ook met die aandeel van die ander kolonies in aanraking te kom. Die werk van dr. Vermooten kan om hierdie rede dan ook beskou word as 'n geskiedenis van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, met die meeste klem op die aandeel van Transvaal.

Dr. Vermooten het 'n deeglike bronnestudie gedoen. 'n Groot aantal gepubliseerde werke en gepubliseerde dokumente is bestudeer en belangrike navorsing is in die Transvaalse, Kaapse en Natalse Argiewe gedoen. Belangrike versamelings is ook in die Openbare Biblioteek te Kaapstad geraadpleeg. Vermooten beheers sy stof baie goed, hoewel hy nou en dan geneig is om te lang aanhalings te gebruik, wat in werklikheid nie so noodsaaklik is nie. Sy werk bewys dat hy nie alleen 'n goeie oorsig oor sy studieveld gehad het nie, maar ook goeie insig. Die werk is sistematies, netjies afgewerk en in 'n goeie taal geskrywe. Iemand wat die voorgeskiedenis van die Unie van Suid-Afrika wil bestudeer sal hierdie werk beslis nie verby kan gaan nie.

2. **Garson, N.G., M.A.:** The Swaziland question and a road to the sea 1887 - 1895.

Hierdie bydrae is 'n M.A.-verhandeling, wat by die Universiteit van die Witwatersrand ingedien is. Dit is 'n baie belangrike onderwerp uit die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, wat in baie ander werke aangeraak word, maar nou vir die eerste keer volledig bestudeer en beskrywe word. Garson het m.i. daarin geslaag om die hele Swaziland-probleem in sy verhouding tot die soek na 'n uitweg na die see deur die Republiek, in sy regte perspektief te sien en te beskrywe. Op grond van 'n deeglike en volledige bronnestudie dring hy tot die grond van die probleem deur en verklaar hy ook die optrede van die verskillende belanghebbende partye.

Wat inhoud, omvang, tegniek, ens. betref staan hierdie werk op 'n veel hoër peil as wat normaalweg van 'n M.A.-verhandeling verwag word. Dit is in 'n baie goeie en begryplike taal geskrywe en deurgaans het die skrywer sy stellinge en bewerings deeglik in voetnote verantwoord. Die werk vorm beslis 'n belangrike bydrae tot die geskiedskrywing oor die Republiek en sy verhouding tot ander magte in Suid-Afrika.

★

Waar die **Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis** met sy volgende publikasies sy 21ste jaargang binnegaan en dus mondig word, moet hier 'n woord van hartlike gelukwense gespreek word aan die adres van die Redaksie vir wat in die afgelope twintig jaar bereik is. Terselfdertyd moet die Redaksie veel seën toegewens word vir die toekoms. Mag nog groter hoogtes bereik word.

J. S. DU PLESSIS.